

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 32

20 September 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

SEPTEMBER-VAKANSIE

Ons staan aan die einde van die 3de kwartaal van 2019 – die tyd vlieg sowaar! Hierdie was seker een van die besigste indien nie dié besigste kwartaal ooit nie. Veral September het dit doller as kop-af gegaan. Dit was nogtans ‘n suksesvolle kwartaal en ons bring eer aan ons Hemelse Vader, want sonder Hom sou ons dit sekerlik nie reggekry het nie. Die gr. 7’s het gaan toer, ons het ‘n fantastiese gesinskamp gehad, die gr. 6’e het ‘n leierskamp gehad, daar was sportdae, ‘n sporttoer en dan het ons nog ‘n toetsreeks tussendeur ook ingepas. Sjoe, ek raak moeg net om dit neer te skryf!

Ek wens almal ‘n baie genotvolle vakansie toe. Lekker rugby kyk! Vir julle wat êrens heen ry, ry asseblief versigtig, en kuier lekker.

HEROPENING VAN SKOOL

Die skool open weer Dinsdag, 1 Oktober 2019 om 07:45. Die kinders dra dan ***somersdrag.***

Die personeel het ‘n vergadering die Dinsdagmiddag, daarom sal die sportoefeninge eers Woensdag, 2 Oktober 2019 begin.

RAPPORTE EN OUERBESOEKE

Die leerlinge ontvang vandag hul rapporte. Baie geluk aan die wat mooi presteer het. Die wat nie so goed gevaar het nie, sal volgende kwartaal harder moet werk. Teken asseblief die rapport en stuur dit dan terug aan die skool die eerste dag van volgende kwartaal.

Teken solank Maandag, 7 Oktober aan as die datum vir die ouerbesoeke aan u kind se onderwyser.

Sommige van u sal briefies kry om die onderskeie onderwysers te kom sien. Kom asseblief daardie afsprake na ter wille van u kind. Enige ander ouer is meer as welkom om ons te kom spreek as daar iets is wat pla of as u sommer net vir die personeel wil dankie sê vir hulle harde werk.

DAMESTEE : 12 OKTOBER 2019
Kaartjie verkope vir ons jaarlikse damestee wat op Saterdag, 12 Oktober om 10:00 in ons skoolsaal gaan plaasvind, vorder fluks. Ons is baie opgewonde om die bekende akteur, Ramey Short van Binnelanders-faam, as die gasspreker by ons te verwelkom. Kaartjies is steeds by Mev. Laas in die kantoor teen R120 per persoon beskikbaar.

SOMERSDRAG: 1 OKTOBER (vlg. Huiswerkboek: bl. 7)
10. SKOOLDRAG
LET WEL: Slegs twee soorte drag, nl. winter- en somerdrag word toegelaat. Geen sweetpakke of truie word in die plek van die baadjie toegelaat nie.
10.1 SOMER: (1ste en 4de kwartaal)

10.1.1 SEUNS:
Grys kort- of langbroek, wit oopknoophemp sonder das met skoolwapen op die sak. Laasgenoemde is verpligtend.

10.1.2 DOGTERS:
Wit oopknoophemp sonder das, maroen skoolrok, kort wit sokkies. Sokkies moet een keer omgeslaan word.

10.1.3 SAAL
Gedurende die somer is die dra van die kleurbaadjie verpligtend tydens saalbyeenkomste. Seuns moet hul baadjies toeknoop.

2020 BEGROTINGSVERGADERING: 17 OKTOBER 2019
Herinnering aan die 2020 begrotingsvergadering wat op Donderdag, 17 Oktober 2019 om 17:30 in die skoolsaal gehou sal word. (Kennisgewing van begrotingsvergadering brief aan u kind gegee op Donderdag, 12 September).

Tydens hierdie ouervergadering sal die voorgestelde begroting vir 2020 aan u voorgelê word vir oorweging en goedkeuring, met of sonder wysiging.

Enige ouer of wettige voog van leerlinge in die skool het die reg om die vergadering by te woon. Die begrotingsdokumente sal vanaf 1 Oktober by die kantoor ter insae beskikbaar wees.

VAKANSIE-NASORG
Indien u kind nie in ons nasorg is nie en u wil graag daarvan gebruik maak stuur asb. 'n e-pos na admin@lnpark.co.za om vorm aan te vra.

Die voorgestelde tydperk is:
1. 23 September tot 27 September (4 dae). (Skole sluit Vrydag, 20 September 2019 en Dinsdag, 24 September is Erfenisdag.)
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:30-17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R 200 per kind (R 350 vir 2 kinders) en is vooruitbetaalbaar.
Slegs leerlinge wie se vakansienasorggeld teen 20 September 2019 inbetaal is, sal toegelaat word. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie, want ons reël toesig volgens die inskrywings tot 20 September.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf.
'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

Kennis is nie wysheid nie. Wysheid is om te weet hoe om kennis te gebruik.
Charles Spurgeon

Wysheid begin met die dien van die Here
Spreuke 9:10

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 084693531

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Di – 1 Oktober:		SKOOL HEROPEN **07:45** **Somersdrag**
Wo – 2 Oktober	:	Klerewinkel: **12:00 – 14:30**
Do – 3 Oktober	:	Netheidsinspeksie Dance Kids-ballet graad R: **13:15**
Vr – 4 Oktober	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Drama graad R – 2: **12:45 – 13:30** Drama graad 3 – 7: **12:45 – 13:45**
***Eerste kunsklasse**	**:**	**Maandag, 8 Oktober 2019**
***Eerste skaaklesse**	**:**	**Dinsdag, 9 Oktober 2019**

SPORT & KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
17 September	0/13A	Sunridge Park	LNP teken 67 lopies aan. Sunridge Park teken 68 lopies vir 8 paaltjies aan. Reinhardt Welman neem 4 paaltjies vir 8 lopies. Sunridge Park wen met 2 paaltjies

FRIENDLY CITY DANCE FESTIVAL : 17 AUGUSTUS 2019

Lea Gerber in graad 2R het op Donderdag, 15 Augustus, aan die Friendly City Dance Festival by Walmer School of Dance aan ‘n solo dans-item deelgeneem en dubbel goud vir haar optrede verwerf asook goud vir haar groepdans.

Baie geluk!

LAERSKOOL NEWTONPARK

BEHEERLIGGAAMSPOSTE 2020

Pos 1
Nasorgpersoon (Gr. 4 – 7)
Iemand met ervaring of Unisa Onderwysstudent

Pos 2
Grondslagfase
Opvoeder: graad 1 tot 3

Pos 3
Intermediêre/senior fase
Opvoeder: Wiskunde en Afrikaans Huistaal en Rekenaaronderrig

Taal van onderrig: Afrikaans
Meld buitemuurse ervaring.
(Benodig atletiek-, netbal-, krieket-, tennis en rugby-afrigters)

Sluitingsdatum: 4 Oktober 2019
Stuur aansoek aan:
Die Skoolhoof, Laerskool Newtonpark,
Posbus 7113, Newtonpark, Port Elizabeth
OF
Faks na: 041 – 3652586
OF
e-pos na: skoolhoof@lnpark.co.za
Navrae: 041 – 3651233

- Slegs persone wat na die onderhoud genooi word sal gekontak word.
- **Die persone wat genooi word vir die onderhoud, moet 'n polisie klaringsbewys indien by die onderhoud.**
- **Die beheerliggaam behou homself die reg voor om nie die pos te vul as 'n geskikte persoon nie gevind word nie.**